



PARTY KERKVERLATERS DRYF JOU NADER AAN DIE HERE

Dis gewild om te vertel hoe party gelowiges se droogmakery mense wegdryf van die kerk af. Gedurig moet jy hoor van mense wat hulle geloof vaarwel geroep het oor kerklike skynheiligheid. Maar min mense vertel ooit vir jou hoe nie-gelowiges se hooploosheid en uitspattige leefwyses ander mense tot geloof gelei het. Dit besef ek opnuut toe ek lees hoe iemand op sosiale media sê sy is moeg om gedurig te moet hoor van mense wat hulle geloof prysgegee het as gevolg van sekere gelowiges se skynheiligheid. Toe sê sy dat baie nie-gelowiges se sondige gedrag haar juis aanspoor om te volhard in haar geloof.

As ek sien hoe sommige “geloofverlaters” leef, dan wil ek eerlikwaar nie daar wees nie. Daar is geen brieke aan al die nuwe nonsens wat sommiges aanhang nie. Hulle glo in letterlik enigiets. Hulle leef grof en onbeskof.

Ekself wil met alles in my vashou aan die feit dat die Here my in genade raakgesien het. En dat Hy nooit my nooit sal prysgee nie. My swakhede, oortredings en probleme dryf my aanhoudend na die kruis toe. Niks of niemand dryf my ooit weg van die Here nie. Nooit gebruik ek ander gelowiges of gewese gelowiges se tekorte, of my eie, as maatstaf nie. Die Here se Woord en Sy Gees wys altyd vir my die regte pad aan.

Stephan Joubert

SONDAG 27 SEPTEMBER

Biddag vir Bejaardes
Erediens: Alk: 09:00, ds Alf Breedt
Erediens: Ngd: geen aanddiens nie 

DEUROFFERS IN SEPTEMBER

Bediening aan Dowe en Blinde Persone:

- NG Gemeente Effata vir Dowe (Kemptonpark): Santie van Wyk 072 908 6418 (slegs sms of whatsapp); e-pos: ngeffatavirdowes@gmail.com
- Innovation for the Blind (voorheen Instituut vir Blindes): 023 347 2745 / www.blind-institute.org.za / info@innovationfortheblind.org

SONDAG 4 OKTOBER

Erediens: Alk: 09:00

SONDAG 11 OKTOBER

Erediens: Alk: 09:00; Ngd: 18:00

Kategese begin

DEUROFFERS IN OKT: Instandhoudingsfonds

Instandhouding aan geboue en terrein is voortdurend noodsaaklik. Alle bydraes hiervoor hetsy materiaal of kontant, sal hoog op prys gestel word. Navrae: Charl de Kock (Steundiensgroepleier).

KWARTAALTEMA

11 Okt - Hd. 28 - Ongehinderde evangelie.
18 Okt - Hd. 1-28 - Die Onstuitbare Evangelie -
vandag nog!

Ons Gemeente se Bankbesonderhede:

ABSA - NG Kerk Alkmaar - Tjekrek. 10705800 Snapscan:
Takkode 334-252; Internet-takkode 632005
Verwysing vir inbetalings is belangrik asb!
Gebruik u naam en een van die volgende.....
(afhangende van die offergawe wat u gee):
DO vir maandelikse dankoffers
10de vir tiendemaand bo-en-behalwe offergawe (Okt)
GOB vir geloofsofferbeloftes (sending/evangelisasie)



Kontak ons gerus:

Predikant: Johannes van der Merwe

074 142 3456; ephesians321@me.com

Kerkkantoor tel nr's: 013-733 3873 / 082 261 0371

Kerkkantoor: Gladys Grobler; ngkerk@alkmaar.co.za

Koster Alk: Estie Erasmus 076 625 3188 skakel/WhatsApp

Koster Ngd: Madelein Venter 083 607 0728

Gemeente webwerf: www.alkmaar.co.za

Ngodwana Eredienste & Kategese:

Tydens skoolkwartale: kategese 17:00, erediens 18:00
by die Gemeenskaps kerk te Calhounstraat, naby Clivia Laerskool.

Kinderkerk (kinders vanaf 3 jr tot Gr 2):

Tydens die oggenddiens in die kategeseklas op
18 Oktober en 15 November 2026.

Vergaderings:

Di. 6 Okt. 10:00 Barmhartigheid, Evangelisasie,
Aanbidding, Kommunikasie

Wo. 7 Okt. 17:00 Steun

“My broers, julle geloof in ons Here Jesus Christus, die Here van die heerlikheid, moet so wees dat julle niemand na die uiterlike beoordeel nie.” Jakobus 2:1

VOORBIDDING

Kom bid saam: In die Konsistorie (Alk) Sondae 08:45 en na die aanddiens by die Gemeenskapskerk, Calhounstraat, naby Clivia Laerskool.

Gebedsaksie en -versoeke: Kontak gerus ds. Johannes (074 142 3456).

Siekes: Buks Language, Jaap Nel, Erika Visagie, Madelein Venter, Hester Liebenberg, Ruan van Wyk, Mariana Mahoney, Janine Stoop, Evette Eastes, Jan Pienaar, Sarie en Freek Esterhuizen, Freek Esterhuizen (jnr), Ester van Wyk.

Ander siekes: Trienie Dickinson, Joseph Taljaardt, Gideon Smuts, Zian (hospitaal in Pretoria), Kobus Greyvenstein, Elti Steensma se kleinseun, Theuns Steyn, Beverley Butler, Franci Osborne, Charmaine Henning, Liezel Theron (ma en pa), Pieter Theron se ma, swaer Wynand Basson en suster Wilna Annandale, Riaan Beylevelt se skoonsuster, mense met depressie en kanker.

Ander: Ons 5 evangeliste: Phetsile, Amon, Simon, Jackson en Terrence. Boere en gesinne weens vloede, droogtes, uitdagings met diere, gewasse ens.

VERJAARSDAE

27e Paul Williams CAIRN
28e Bonita Lombard NGD, Larike Meneke CAIRN
29e Carin Esterhuizen BURN, Jana Kotze NST, Christiaan Pannell NGD
30e Anna Hattingh NGD, Tersia Pretorius NGD
1e Gerrie Trollip NGD
2e Frank Erasmus ALK, Amelia Williamson ALK
5e Charise Ross ALK, Miandi Williams CAIRN
6e Karin Finaughty NGD, Lizette van der Merwe BRON, Pieter van Heerden NGD
7e Herman Steyn NGD
8e Zehané Fourie NST, Mark Nel WR
9e Zander Naudé NST, Pieter Nel ALK

DANKBAARHEID

Ek is nie 'n lewende dreigement, wat gedurig vir almal vertel dat ons dankbaar moet wees nie. Ek IS dankbaar.
Ek staan elke dag dankbaar op.
Ek leef elke dag dankbaar.
Ek gaan slaap elke aand dankbaar.
Ek sê elke dag vir die Here dankie vir elke dag se porsie seëninge.



FONDSINSAMELINGSPROJEKTE 2026

Skenk wit olifant-items:

Ons vra alle lidmate om items wat rondstaan by die huis (groot of klein) na die kerk te bring. Die items sal ver koop word by die Rademeyer-veiling as deel van ons fonds-insameling. Navrae: Frank Erasmus.

KERKRAADSLEDE VAKANT

Ons benodig lidmate vir Evangelisasie, Toerus (Alk). Navrae: Frank Erasmus, predikant, kerkkantoor.

MANIERE OM DANKOFFERS TE GEE

Baie dankie vir lidmate wat getrou hulle dankoffers gee (2 Kor. 9:6-7). U word opnuut versoek om seker te maak en veral te kyk na herhalende internetbetalings wat jaarliks hernu moet word. Maandelikse dankoffers (verw: jou naam + DO) kan gedoen word per debietorder; elektroniese oorbetalings; met u selfoon via ons gemeente se Snapscan-kode (laat weet asb. die kerkkantoor - whatsapp na 082 261 0371 - indien u 'n dankoffer so betaal, omdat daar nie op Snapscan gespesifiseer kan word nie). Gebruik Snapscan ook vir eredienskollekte.

BYBELSTUDIE

Bybelstudie word Donderdagaande 19:00 virtueel gehou. Enige persoon wat graag wil inskakel, stuur asb. vir Johannes 'n whatsapp boodskap.

CITY CONNECT - 50 GEBEDSDAE

Wat as gelowiges van 14 September tot 3 November in dorpe en stede regoor Suid-Afrika in dieselfde tyd, met een hart, begin bid vir ons land, ons gemeenskappe en die mense wat ons dien? Die NG Kerk is genooi om deel te wees van 'n interkerklike gebedsaksie. City Connect: 50 Gebeds-dae nooi gemeentes, lidmate, gebedsgroepe, families en elke gelowige om saam op 'n 50-dae-gebedsreis te gaan ter voorbereiding op die 2026-plaaslike verkiesings.

Die uitgangspunt is: Wanneer 'n stad floreer, floreer sy mense. Daarom herinner Jeremia 29:7 ons: “Bevorder die voorspoed van die stad ... en bid tot die Here vir die stad, want in sy voorspoed is daar ook voorspoed vir julle.”

Ons bid vir bekering en geestelike ontwaking, vir hoop en vrede, vir kiesers en politieke leiers, vir die verkiesingsproses en vir die welstand van ons munisipaliteite, wyke en gemeenskappe.